

Pretoria (Nagmaal- 22 Februarie 2015)

Skriflesing: 1 Johannes 1:1-4

Teks: **1 Johannes 1:3**

Sing- Ps. 118:12; Ps. 4:2; Sb. 24:1 (1-1:1)Ps. 23:3, Ps. 116....Ps. 33:6

1 Johannes 1:1-4

1Jn 1:1 Wat van die begin af was, wat ons gehoor het, wat ons met ons oë gesien het, wat ons aanskou het en ons hande getas het aangaande die Woord van die lewe—

1Jn 1:2 en die lewe is geopenbaar, en ons het dit gesien, en ons getuig en verkondig aan julle die ewige lewe wat by die Vader was en aan ons geopenbaar is—

1Jn 1:3 wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle, sodat julle ook gemeenskap met ons kan hê; en ons gemeenskap is met die Vader en met sy Seun, Jesus Christus.

1Jn 1:4 En ons skrywe hierdie dinge aan julle, sodat julle blydskap volkome kan wees.

Skriflesing: 1 Johannes 1:1-4

Teks: **1 Johannes 1:3**

Sing- Ps. 118:12; Ps. 4:2; Sb. 24:1 (1-1:1)Ps. 23:3, Ps. 116....Ps. 33:6

Geliefdes, ons is in die reeks uit die Johannes-briewe, spesifiek die eerste Johannes-brief, steeds by daardie eerste paar verse. Hier rondom wil ons ook vandag Nagmaal vier. Verlede Sondag met ons voorbereiding was die vraag wat is die dinge wat werklik my lewe die moeite werd maak. Ons het veral gelet op vers 4 waar Johannes die doel van die lewe beskrywe as dat ek volle blydskap, volkome blydskap mag ontvang- Johannes stel baie duidelik 'n doelwit- *...ons skrywe hierdie dinge aan julle dat julle blydskap volkome kan wees...*

Vandag by hierdie Nagmaal gaan die vraag oor blywende vreugde, werklike volkome blydskap net nog dieper ingryp. 'n Besondere lewe, 'n lewenskuns moet ons blydskap bepaal, hierdie lewenskuns gaan eintlik alle blydskap, die volkome blydskap vooraf. Vers 1-3 gaan alles oor die lewe, die volle lewe wat daar by God is, die lewe wat ons in gemeenskap met God kan lewe, voordat daar nog blydskap kan wees.

Dit wil die gryse apostel Johannes ons baie sterk op die hart druk. Trouens in die evangelie van Johannes dan lees ons in Joh. 17:3 dat gemeenskap met God begin deur werklik die lewe in God te ken en uit te leef. *3 En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het.* Daar is genoeg rede om bly te wees, daar is werklik genoeg rede om voor God te LEWE, lewe in die sin dat in die lewende gemeenskap wat daar met God kan wees dat mense mekaar in daardie gemeenskap kan laat deel.

Pretoria (Nagmaal- 22 Februarie 2015)

Dit moes daardie klein klompies gelowiges in Efese besef dat wat met hulle gebeur het, kan nie maar sommer as vanselfsprekend aanvaar word nie. Voor God is hulle anders as maar net nog 'n klomp mense. Hulle is anders as die res van dié wat in die grote stad Efese nie 'n benul het van hoe besonder die lewe is as daar in gemeenskap met God gelewe word nie. Die feit dat God hulle anders gemaak het, God het hulle uitgesonder, God sit sy uitverkorenes eenkant dat die lewe vir hulle anders kan wees.

In hierdie besondere lewe maak God bekend dat vir sy uitverkorenes is daar 'n pad wat nie sommer enigeen op aanspraak kan maak nie. Calvin stel dit dat God se uitverkorenes is hulle wat die kerk se hart moet laat klop. Of soos hy dit dan presies stel- “Die uitverkiesende liefde van God is die hartklop van die kerk”. As dit nie vir hierdie uitverkiesende liefde was, waar alles van afhang nie, dan sou daar in alle geval niks oorgebly het wat ons kan blymaak nie. Daar sou geen ware kerk wees as dit nie vir hierdie liefde van God was waarmee God sy kerk die kuns van die lewe wil wys nie.

Hierdie besondere lewe word iets van 'n lewenskuns, om nie te dink die lewe van elke dag gaan maar om te bestaan en om asem te haal nie, of om baie geld te maak nie, dit is nie waaroor die lewe gaan nie. Petrus wys daarop dat as ons die lewenskuns mis, mis ons werklik blywende vreugde, dan lewe mense naderhand soos redelose diere... 2 Pet. 2:12: ***12** Maar hulle sal, omdat hulle belaster wat hulle nie ken nie, soos redelose diere wat die natuur volg, gebore om gevang en vernietig te word, in hulle verdorwenheid te gronde gaan...*Dit kan tog nie die lewe genoem word nie.

Dit wat ons by hierdie Nagmaal die lewe noem is om KIND VAN GOD TE MAG WEES. Om te mag praat van die ewige lewe, dié lewe wat by God die Vader is en dan lê die gryse apostel nog weereens daarop klem dat hierdie lewe is aan ons geopenbaar. Die lewe as kind van God is God wat jou uitkies, terwyl die hele wêreld in die mag van die bese lê. Ons laat die sentrale gedagte van Johannes nooit los nie...

Ons het ook verlede Sondag dit raakgesien en dit moet ons steeds besef dat die wêreld kan my nie blymaak nie, trouens 1 Johannes 5 – die laaste hoofstuk van die eerste brief sê dat *die hele*

wêreld in die mag van die Bose lê.... Vers 19- 1 Joh. 5- trek uiteindelik die grootste slotsom, die finale samevatting van wat alles gesê kan word, dan hoor ons by hierdie tafel vandag- *Ons weet dat ons uit God is en die hele wêreld in die mag van die Bose lê...*

U kind van God, u wat uit God is, die vraag vir ons vandag is, nie net die vraag na die kuns van die lewe nie, maar agter hierdie vraag lê nog 'n dieper saak... waar kan ek God vind? Is God Iemand wat Hom laat vind. Wil God werklik geken wees?! Ons moet mekaar in ons deel kry aan Nagmaal, eintlik een vir een kon uitsonder en vir u kon vra, nie net wat maak u opgewonde in u lewe nie, wat is u lewenskuns nie, maar wat is u belewenis wanneer u oor God begin dink, oor God begin praat, werklik oor Hom in jou eie lewe, in jou eie omstandighede elke deeltjie van jou lewe kan sê maar God het Hom nie vir my weggesteek nie. Om dit dan nog platter te stel- God speel nie wegkruipertjie met my nie! Inteendeel God openbaar Hom aan ons...

Wie Jesus Christus is en wat Hy vir ons kom doen het, Christus is die volle openbaring van God, die hele Woord van God, in alles, vóór alles, deur alles.... Hy alleen laat die lewe in werklike kind van God wees- lewe ontvou, dit is alreeds iets van die ewige lewe, terwyl ons nog op aarde is. Daarom dat ons vandag by die Nagmaal ons blydschap vier, ons vier die gedagte dat God my 'n besondere lewe geskenk het, dat God vir sy uitverkore kinders nie redelose diere, doellose swerwers op aarde maak nie, al lê die hele wêreld in die mag van die Bose, God leer ons die lewenskuns, dat ons Hom alleen in en deur Jesus Christus kan vind.

Daarom as ons dit wat Johannes kon sien, dit wat Johannes kon hoor, dit wat hy aan kon vat, regtig ons eie wil maak, ons wil dieselfde lewe verkondig wat Johannes so wonderbaarlik kan verkondig, ons wil sekerheid hê dat ons in hierdie lewe deel, geliefdes daar is net een manier hoe ons hierdie sekerheid kan verkry. Hierdie sekerheid kan ons alleen deur die Woord van God geskenk word. Deur die Woord kan God gehoor word, so vind ons Jesus Christus, dit alleen deur die Woord waar die Heilige Gees die Woord laat lewe. Wie met God ware kontak wil maak kan alleen dit deur die Woord doen en die Woord in Christus Jesus is baie besonder, want God bring hierdeur die nouste verbintenis wat daar met Hom kan wees na vore, nl. ons gemeenskap met Hom as ons Vader, ons gemeenskap met Christus, alleen hierdie besondere verbintenis maak dat mense ook met mekaar in besondere gemeenskap begin lewe.

Dit is daarom geen “social gospel” wat ons verkondig nie. So asof ek alle mense in gemeenskap met God kan plaas deur te dink ek doen goed aan almal, dan kom ons in gemeenskap met God. So goedkoop, so alledaags is die evangelie nie! Dit wat God gee, gemeenskap met God die Vader en dit wat ons dan in gebondenheid aan Christus die volle gemeenskap van sy kerk laat ontsluit, bring die gemeenskap wat mense as kerk dan ook met mekaar kan hê na vore. Dit is nie mense se gemeenskap met mekaar wat ’n gemeenskap met God daarstel nie, juis nie, dit is mense wat in die posisie gestel is, mense wat uitverkies is om met God gemeenskap te mag hê, wat op die einde dan ook ’n kerklike gemeenskap kan en mag vorm.

Geen mens kan gemeenskap met God daarstel as God Hom nie in die gemeenskap stel nie, God moet hom/haar in die gemeenskap met Hom plaas voor die verhouding op enige manier verder kan gaan. Daarom dat ons nie dink ons kan hier uitgaan en die wêreld oortuig almal van hulle behoort aan God nie. Dit sal ’n leuen wees, want daar is baie mense, BAIE MENSE, die meeste wat sekerlik nie uitverkies is nie en wat hierdie besondere gemeenskap op geen manier kan deel nie. As u aan hierdie tafel kom aansit, dan is dit so belangrik as u dit waarlik wil deel, ons deel dit in gemeenskap met God en die gemeenskap met God, stel ons gemeenskap met mekaar in dieselfde verband voor, aan een tafel, eet van dieselfde brood, drink gemeenskaplik die beker, dat u besef die besondere pad wat God met jou tot hier wou loop.

Die pad wat God met jou loop, maar ook die krag wat God jou wil skenk. God wat jou reeds Syne gemaak het, om wedergebore te mag wees. Geen mens kan lewe maak nie, net God kan, net soveel geen mens kan uit homself/haarself wedergebore word nie, net God kan my weer gebore laat word, daarom bring dit ons tot nog ’n dieper dimensie van ons gemeenskap met God. Die betekenis van die lewe, die werklike lewe, die betekenis van om kind van God te mag wees, die werklike omvang en impak van die Woord van God, die Woord wat Jesus Christus is, die gemeenskap met God, of om God te mag vind, om God te mag ken, dit gee God alleen aan die kinders wat Hy dit voor wil gee. Sulke mense word nuut gebore, geestelik nuut gebore, Johannes noem dit die ewige lewe.

Die wedergebore lewe is vir Johannes die ewige lewe. Die lewe kry vir diesulkes nuwe betekenis, dit is 'n lewe wat verander, God is die begin en die einde daarvan. Jesus Christus is waarlik in alles God, Hy is nie maar net deel van ons lewe nie, Hy is net so die begin en die einde van ons lewe soos wat God die Vader dit moet wees. Dit is 'n gevaar om Jesus maar net deel van jou lewe te wil maak en nie te besef dat in alles IS HY DIE VOLLE LEWE NIE. Hy is die ware lewe, Hy is die volle lewe, Hy is die Woord wat die lewe is!

Nou moet ons steeds in gedagte hou Johannes waarsku duidelik teen die dwaasheid dat daar mense was wat gesê het dat Jesus was nie van die begin af God nie. Die Gnostiek wat glo dat Jesus as mens maar 'n skynliggaam gehad het, Jesus het maar gewoon ook 'n begin gehad, hulle gaan nog vêrder in die dwaling, hulle sê dat Hy het eers goddelik geword, werklik die Christus geword toe Hy gedoop is.

Ons moet dit duidelik stel- Jesus was nooit deel van die skepping, deel daarvan wat gevorm was, toe God begin het in wat in Genesis 1 staan nie. Nee as God sê, God spreek deur te sê, dan spreek Hy in Christus wat in alles reeds daar was, die Woord wat gespreek word, die Woord wat skep is Jesus Christus wat geskep het, toe sy Vader gespreek het. Hy is net soveel skeppingsmiddelaar as wat Hy verlossingsmiddelaar sou word.

Hy wat regtig mens moes word om Verlosser te wees. Die wonder van sy koms as mens, staan vas in die wonder van God die Vader wat sy kinders lief het en God praat met ons nou direk. In die Ou Testament was daar op baie maniere eintlik indirek gepraat, op 'n manier anders gepraat, deur of ander mense, of geskifte, of visioene, of drome of gesigte of verskyninge, maar Christus Jesus is God wat direk reguit en duidelik as God met ons praat. Al praat Hy as mens, Hy is en was nog altyd God, Hy sal dit altyd wees. Die Woord wat die ewige lewe is praat met ons... Dit is net nog 'n dieper en groter Een wat praat, geeneen wat voor Hom só sou kon praat nie, na Hom is daar ook geeneen nie, want in alle geval het God net die een Seun, daar sal nie na Hom nog Een wees nie! Laat ons dan na sy tafel kom, nie net in wat Hy sê nie, maar in wat Hy vir ons gedoen het. In die nabetragting sal ons nog verder gaan, want dan hoor ons Hom nie net nie, ons moet ook kan sien. Hy wat Lig is, lig is nie iets wat gehoor kan word nie, lig is iets wat gesien moet word. Lig is waar die duisternis nie kan wees nie.

AMEN